# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 16 JULIE 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts *(Ex-officio)* | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste *(sluit aan om 10:38)* |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. J van Zyl | : | Afvalbestuursbeampte *(sluit aan om 10:38)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Portefeulje Voorsitters, Raadsheer De Vries (wat tans siek tuis is) en Raadslid Moolman wat beide virtueel ingeskakel is.

***

**BKN002/07/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/07/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/07/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024, oorstaan vir bekragtiging by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Julie 2024.

***

**BKN005/07/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Implementeringsverslag van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024, oorstaan vir kennisname by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Julie 2024.

***

**BKN006/07/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/07/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat geen nuwe sake van korrupsie of risiko's in die onderskeie direktorate aangemeld is nie.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende 'n inbraak by Finansiële Dienste store gee die Direkteur Finansiële Dienste kortliks terugvoer.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/07/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Raadslede, Joint Operations Centre (JOC) en amptenare van Gemeenskapsdienste en Tegniese Dienste wat betrokke was gedurende die Rampbestuur poging asook by die herstel en opruimingspoging;
- Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die Bestuur van Tegniese Dienste se houding en kommentaar om hulp te verleen met diensleweringskwessies en versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste die kwessie aanspreek; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***
- Dat die stormwaterstelsel in Velddrif aangespreek moet word aangesien daar 'n ophoping van water is by sekere areas tydens reënval; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***
- Dat daar gekyk moet word na die mense onder die pawiljoen. Die Uitvoerende Burgemeester meld dat 'n besluit geneem is dat daar 'n toegewing gemaak word om die een huis wat die munisipale rekening agterstallig is, 'n Wendy huis toe te laat, maar dat die uitgewysde plek vir die Wendy huis nie geskik is nie en die nodige aandag moet geniet; ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***
- Dat die twee Wendy huise in Piketberg wat vernietig was gedurende die reënval die nodige aandag moet geniet; en ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***
- Dat daar terugvoering gegee moet word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende die aantal Wendy huise in Porterville wat vernietig was gedurende die vorige ramp, die aantal Wendy huise wat vervang is en diegene wat nie gehelp kon word nie. ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy bedank die Raadslede, Joint Operations Centre (JOC) en amptenare wat betrokke was gedurende die Rampbestuur poging asook by die herstel en opruimingspoging; en
- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste se neef oorlede is en wens die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder vir hom en sy familie

sterkte toe in hierdie moeilike tyd. Die Munisipale Bestuurder meld dat die Direkteur Korporatiewe Dienste vanaf Donderdag 18 Julie 2024 tot Vrydag 26 Julie 2024 op verlof sal wees.

***

**BKN009/07/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/07/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/07/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**
***(Die Procurement Plan word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste kortliks terugvoer moet gee rakende die Kapitaalspandering tydens bespreking van die Finansiële Dienste items.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/07/2024**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN013/07/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2024**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die ontbondelingsproses van die bates wat in-proses is.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for May 2024.

***

**BKN014/07/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: MAY 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the May 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN015/07/2024**
**LONG-TERM FINANCIAL PLAN – UPDATE 2023/24**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die "Long-Term Financial Plan – Update 2023/24" saam met die voorlegging "Long-Term Financial Planning", van "INCA Portfolio Managers" wat tydens die Formele Direksievergadering gedien het op Maandag 15 Julie 2024, gelees moet word.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat 'n voorlegging by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 27 Augustus 2024 voorgelê sal word deur "INCA Portfolio Managers" rakende die "Long-Term Financial Plan – Update 2023/24".

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN016/07/2024**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE THIRD QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023/2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 July 2023 to 30 June 2024 representing the fourth quarter of the 2023/2024 financial year. (The report is accumulative from 01 July 2023); and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN017/07/2024**
**MAANDVERSLAG: INKOMSTEBESTUUR: APRIL 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

'n Bespreking vind plaas rakende die deernis getalle wat gedaal het, die vervroeging van die lesing periode ten einde aandag te gee aan die uitskieter lys (hoër lesings en geen lesings), dat die verslagdoening rakende die aantal meters by die Tegniese Dienste en Finansiële Dienste Komiteevergadering nie ooreenstem nie, dat die moontlikheid ontstaan dat Piketberg: Poskantoor nie meer pos sal kan aflewer nie en dat daar na ander moontlike oplossings gekyk word vir die verspreiding van munisipale rekeninge.
Dat die Deernisbeamptes opgelei word om die korrekte vrae te vra vir moontlike deernis aansoekers, dat die volledige vorderingsproses van die

installering van die slim meters en dit wat op die stelsel gelaai word deel vorm van die Inkomste verslag.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van bogenoemde Inkomstebestuur werksaamhede vir die periode 01 tot 31 Mei 2024; en
2. Dat kennis geneem word dat gedurende Mei 2024 daar een tydelike aanstelling gemaak is. Die persoon is werksaam met die oorrol van die voorafbetaalde elektrisiteitsmeters (TID Roll Over) en is aangestel tot Augustus 2024.

***

**BKN018/07/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**5/1/1**
***(Die Korporatiewe Dienste "Procurement Plan en Virement Verslag - Junie 2024" word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Korporatiewe Dienste: Procurement Plan en Virement Verslag - Junie 2024.

***

**BKN019/07/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ERF 1283, VELDDRIF**
**VD. 1283**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Hierdie besluit vervang Raadsbesluit no. RVN031/10/2023 van 31 Oktober 2023;
2. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif nie benodig word vir munisipale dienslewering;
3. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif (±2 ha groot) per publieke tender beskikbaar gestel word vir 'n huurtermyn van 9 jaar 11 maande uitsluitlik vir die verbouing van groente, vrugte, blomme of ander plantgewasse, en verder onderhewig aan die volgende:

a. Dat geen vee van enige soort op die grond aangehou mag word nie;

b. Dat geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

b. Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie, met dien verstande dat opsigters/sekuriteitsbeamptes 'n tydelike struktuur van nie meer as 10m² in totale vloeroppervlakte op die eiendom mag beman;

c. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om ‘n tydelike/draagbare chemiese toilet of ander verwyderbare ablusie gerief op die eiendom te voorsien;

d. Bouplan aansoeke by die Boubeheerbeampte ingedien moet word vir die goedkeuring van enige tydelike strukture voordat dit op die perseel opgerig mag word;

e. Dat die huurder geregtig sal wees om tydelike strukture wat aangebring word te verwyder by verval van die huurooreenkoms;

f. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om alternatiewe water, anders as Munisipale gesuiwerde riool water, vir besproeingsdoeleindes te bekom, en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

g. Die suksesvolle tenderaar sal self verantwoordelik wees vir aansluiting tot munisipale dienste, indien nodig, asook betaling van diesulke dienste;

h. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond;

i. Dat ‘n terugval klousule wat soos volg lees: “Indien die bate nie meer vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir Munisipale dienslewering, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van 30 dae te gee of tot laaste oes verwyder word” as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;

j. Dat die Munisipaliteit nie verantwoordelik gehou kan word vir enige uitgawes wat deur die huurder self of deur befondsers op die perseel aangegaan word nie;

k. Dat geen onderverhuring mag plaasvind;

l. Dat die minimum jaarlikse huurbedrag bepaal word as seshonderd rand (R600); en

m. Dat 'n tender voorwaarde gestel word dat die suksesvolle tenderaar 'n klein opkomende boer of opkomende landbouorganisasie moet wees.

***

**BKN020/07/2024**
**<u>MONTHLY REPORT: HUMAN RESOURCE SERVICES: MAY 2024</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en spreek sy kommer uit rakende die tydsduur van die dissiplinêre verhore voor die finalisering daarvan en meld dat die uitstel van die sake aangespreek moet word.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Human Resource Services : May 2024.

***

**BKN021/07/2024**
**MONTHLY REPORT: ADMINISTRATION & LEGAL SUPPORT SERVICES: MAY 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Administration & Legal Support Services: May 2024.

***

**BKN022/07/2024**
**MONTHLY REPORT: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: MAY 2024**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter meld dat 'n gesprek gefasiliteer moet word met die onderskeie rolspelers om te verseker dat Bergrivier Munisipaliteit proaktief optree rakende onwettige en ongematigde bouwerke sonder goedgekeurde bouplanne. Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste ondersoek instel rakende die gebrek van 'n goedgekeurde bouplan by die RSEP gebou in Porterville en Velddrif se klubhuis en toesien dat die nodige goedgekeurde bouplanne in plek gestel word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Voorts versoek die Voorsitter dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n verslag doen by die Tegniese Dienste Komiteevergadering soos geskeduleer vir Donderdag 08 Augustus 2024, rakende die onwettige bouwerke van die woonstelle in Porterville, die oorsprong van die proses en die rede dat die eienaar nie gestop was gedurende die oprigting van die woonstelle nie.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Town Planning and Environmental Management : May 2024.

***

**BKN023/07/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**

Geen

*******

**BKN024/07/2024**
**GEMEENSKAPSDIENSTE: SPANDERING EN VORDERING VAN KAPITAALPROJEKTE IN TERME VAN DIE TL-SDBIP**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van Gemeenskapsdienste se Spandering en vordering van Kapitaalprojekte in terme van die "Top-level Service Delivery & Budget Implementation Plan (TL-SDBIP)".

*******

**BKN025/07/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 JUNIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN026/07/2024**
**QUARTERLY REPORT: COMMUNICATION: 01 APRIL TO 30 JUNE 2024**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in

Die Uitvoerende Burgemeester moedig die Hoof: Kommunikasie aan om voorstelle te bring vir nuwe maniere om beter te kommunikeer met die publiek en diensverskaffers van Bergrivier Munisipaliteit.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die moontlikheid van 'n elektroniese aansoekproses vir Bergrivier Munisipaliteit.

Die Uitvoerende Onderburgemeester spreek sy dankbaarheid uit aan die Hoof: Kommunikasie vir die hulp van kommunikasie gedurende die afgelope Rampbestuur pogings en versoek dat alle departemente publieke inligting bekend gemaak word aan die Hoof: Kommunikasie, ten einde die gemeenskap op hoogte te hou van wat in die Bergrivier Munisipale gebied plaasvind.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Communication: May 2024.

***

***(Die Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste en Afvalbestuursbeampte sluit om 10:38 aan by die vergadering)***

**BKN027/07/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**
***(Die "Procurement Plan, Virement Report and Capital Projects" word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Procurement Plan, Virement Report and Capital Projects: April - June 2024 from the Office of the Municipal Manager.

***

**BKN028/07/2024**
**AFVALBESTUUR EN HERWINNING**
**9/1/2**
***(Die Vullis oudit koste word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

The Portfolio Chairperson, Alderman De Vries, introduces the item.

The Waste Management Officer gave a broad background of the item under discussion.

***(The Council Chambers computer was experiencing connection problems)***

Various inputs and comments are provided by the Committee members.

**RESOLVED**

1. That Waste Management be placed as a standing item on the agenda of the Technical Services Committee meeting for monitoring purposes; — ***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***
2. That a realistic implementation plan with timelines be drawn up that provides a total cost assessment of the full amount in order to see what can be done internally; — ***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***
3. That an in-principal decision be made at the next Executive Mayoral Committee meeting scheduled for Tuesday 30 July 2024 to make a commitment in terms of the approving of the implementation plan. That the in-principal decision will be subject to Council decisions for the budget; — ***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***
4. That the Director Financial Services engage with other municipalities on how their Landfill Sites are budgeted for with specific reference to the capital budget; and — ***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***
5. That the Manager: Civil Engineering Services and Manager: Planning and Environmental Management have discussions regarding the industrial land that could potentially be purchased and used for processing construction debris and prepare a report on this regard for consideration and approval. — ***MANAGER: CIVIL ENGINEERING SERVICES & MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

*******

***(Die Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste en Afvalbestuursbeampte verlaat die vergadering om 11:21)***

**BKN029/07/2024**
**TOEPASLIKE BESPREKINGSPUNTE UIT NOTULE VAN TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP 06 JUNIE 2024**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item in en meld dat die besprekingspunte uit die notule van die Tegniese Dienste Komiteevergadering soos gehou op Donderdag 06 Junie 2024 by die volgende Tegniese Dienste Komiteevergadering soos geskeduleer vir Donderdag 08 Augustus 2024 bespreek sal word.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die toepaslike besprekingspunte uit notule van Tegniese Dienste Komiteevergadering soos gehou op Donderdag 06 Junie 2024.

*******

**BKN030/07/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 06 JUNIE 2024**
**9/1/2**
***(Die Procurement Plan word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Procurement Plan en Virement verslag vir Junie 2024.

***

**BKN031/07/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN032/07/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN033/07/2024**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN034/07/2024**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN035/07/2024**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN036/07/2024**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***(Die Voorsitter moedig die Komiteelede aan om deel te neem aan Madiba-dag op Donderdag 18 Julie 2024 om 67 minute van hul tyd af te staan om iets te doen in hul gemeenskap wat die gemeenskap verbeter.***

- ***Die Finansiële Dienste direktoraat gaan in samewerking met die Uitvoerende Burgemeesterskantoor herstelwerk doen by die deure en vensters van twee huise in Piketberg;***
- ***Die Munisipale Bestuurder se kantoor sal op Vrydag 19 Julie 2024 by Groenvlei skool vrugte en lekkergoed uitdeel asook die kinders leer sokker speel;***
- ***Die Korporatiewe Dienste direktoraat sal op Donderdag 18 Julie 2024 bome plant met die onderskeie skoolkinders by Noordhoek Primêr, Slimkoppies Akademie Dwarskersbos en Velddrif Hoërskool;***
- ***Die Gemeenskapsdienste direktoraat sal op Donderdag 18 Julie 2024 vir Steynville Primêr besoek om sop en 'n geskenkpakkie uit te deel vir die Bronneklas; en***
- ***Die Tegniese Dienste direktoraat sal op Donderdag 18 Julie 2024 sop uitgedeel by die Badisa kantoor.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:32*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***